

## **AFFIES TRUST TERUGVOER AAN DONATEURS**

**1 MAART 2014 TOT 28 FEBRUARIE 2015**

Beste Affies Trust donateur

Weereens ons opregte dank vir u donasie die afgelope boekjaar. Ons vertrou u eis teenoor Artikel 18A het seepglad by die Suid-Afrikaanse Inkomstediens verloop. U is welkom om ons te kontak indien daar enige probleme was - ons help graag waar ons kan.

Nadat die Trust in Oktober 2013 geregistreer is, was ons aanvanklike doel om die Trustfonds tot by aanvaarbare vlakke op te bou. Ons kon dit redelik vinnig regkry danksy u ondersteuning. Ons is derhalwe dankbaar om te rapporteer dat die Trust alreeds van sy oogmerke in sy heel eerste bestaansjaar kon bereik het.

Ons vlagskipprojek was die Meriete Toekennings vir Potensiaalbereiking. Hierdie toekenning behels dat elke leerder se werklike akademiese prestasie met sy verwagte akademiese prestasie vergelyk word. In wese kom dit daarop neer dat alle leerders op 'n gelyke grondslag met mekaar meeding, op 'n soortgelyke beginsel as voorgee in golf. Omdat psigometriese inligting eers gedurende graad 9 ingewin word, is dit net leerders in graad 9 tot graad 12 wat vir hierdie toekennings in aanmerking kom. Gedurende Oktober 2014 het die Trust vir die eerste keer hierdie toekennings aan 34 leerders gemaak. Die leerders en ouers het dit baie goed ontvang omrede alle leerders in die skool, ongeag sy of haar inherente vermoë, 'n gelyke kans staan om so 'n toekenning te verwerf. Teen hierdie agtergrond sal die Trust voortgaan om hierdie toekennings in die toekoms te maak.

Die Trust kon ook 64 toekennings vir beste prestasie in 'n vak maak. Alle graad 8 tot graad 12 vakke is in aanmerking geneem, mits die prestasie 80% of beter was. Op hierdie wyse is 'n verdere 33 leerders bereik.

Weens beperkte fondse kon die Trust geen toekennings vir sport- en kultuurprestasies maak nie. Egter, gegewe die kort tydsverloop sedert die Trust 'n aanvang geneem het, is ons baie ingenome met die 98 toekennings wat aan 67 leerders gedurende die verslagtydperk gemaak kon word.

U volgehoue ondersteuning gee ons baie stof tot dankbaarheid. Wees verseker van ons opregte waardering.

Affies Trust groete.

Trustees



Bo en Onder: Toekennings vir Potensiaalbereiking



Bo en Onder: Toekennings vir Vakprestasies

